MOEDERKERK
KRUISKERK

BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER
KONINGKRYKSTYD 2024

Ons het die afgelope jare die waarde daarvan ontdek om **in ons persoonlike Bybellees dieselfde Skrifgedeelte vir 'n week lank te lees** – eerder as elke dag 'n ander teks. Die eeu-oue *Lectio Divina*-metode is een van baie hulpmiddels wat jou hiermee kan help. Dit sal jou help om die Skrifgedeelte nie bloot herhalend te lees nie, maar regtig al "dieper", op so 'n manier dat jy die Gees [God!] regtig kan hoor en Hy in jou lewe kan werk.
Ons moedig ook **kleingroepe/families** aan om ook tydens die week die teksgedeelte saam te lees en te bespreek.
Op Sondae kom ons dan in die **erediens** bymekaar om die week se teks saam te lees en God se genade daarin te vier!

LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES

Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

MEDITEER

Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe "lees". Die Bybel (God!) raak die "subjek" van die aktiwiteit en ons lewe die "objek".

BID

Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daaroor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloof.

ONTVANG & LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen.* "Ontvang" dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: *"Laat dit met my wees volgens u Woord".* Bid is hier ontvang en dankie sê.

Koninkrykstyd is die seisoen tussen Pinksterfees en Advent. Die eerste Sondag in **Koninkrykstyd** staan bekend as Drie-eenheidsondag en die laaste as Sondag van Christus die Koning. **Koninkrykstyd** gaan oor die lewe in God se koninkryk. In **Koninkrykstyd** word die kerk daaraan herinner om hulle wortels diep veranker te hou in God se volgehoue teenwoordigheid en in Sy Woord. Ons gaan nou leef wat in die voorafgaande feesseisoene, Advent, Lyding, Pase en Pinkster, gebeur het en ons gevier het.

Nuwe Reeks: Speel-Speel

"Christ plays in ten thousand places" is 'n aanhaling uit die gedig van Gerard Manley Hopkins. In ons preekreeks Speel-Speel gaan ons die volgende paar weke deur die Woord, musiek en liturgie saam vertoef in die skepping, gemeenskap en die geskiedenis as deel van God se speelgrond.

EIE BYBELLEES

Week	*Seisoen*	*Teks*	*Erediens*
23 - 29 Sept	*Koninkrykstyd*	Gen 1 & Joh 1:1-18	29 Sept
30 Sept - 6 Okt	*Koninkrykstyd*	Deut 11:1-17 Joh 5:45-47	6 Okt
7 - 13 Okt	*Koninkrykstyd*	Mark 10:32-52	13 Okt
14 - 20 Okt	*Koninkrykstyd*	Eks 32 en 1 Tim 1:12-17	20 Okt
21 - 27 Okt	*Koninkrykstyd*	Joh 16:4-15	27 Okt
28 Okt - 3 Nov	*Koninkrykstyd*	Eks 3 en 4	3 Nov